STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 21 - 2016 • EDITION 21 - 2016

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners

Die jaar het verbygesnel en die winkels is al weer vol blink kersversierings! Ek moet bieg, ek is 'n kind as dit kom by Kersfees. Dit bly vir my 'n ongelooflike ervaring met diep geestelike betekenis, maar ook 'n geleentheid vir 'n lekker fees! Kinderjare se koekies, geskenke, poeding en nuwe klere, is nog lewendig in my geheue. Dis egter ook elke jaar vir my 'n tyd om te reflekteer en te dink aan diegene wat min of niks kos en klere het, watwou enige geskenke. As enige van u graag 'n geskenk vir die minder bevoorregtes wil gee, maar nie weet vir wie of hoe nie, kan u my gerus kontak. Ek onderneem persoonlik dat enige geskenk by die regte mense sal uitkom.

Jaareind beteken ook dat ons studente en skoliere eksamen skryf. Sterkte aan almal en veral ook aan ons ouers in hierdie spanningsvolle tyd. Onderrig is so belangrik vir ons land se sukses. Vir diegene wat na die eksamens ook terugkeer na hul huise, wil ons 'n veilige rit toewens.

Die hele groter Stellenbosch toon tekens van wetsongehoorsaamheid; van rommelstrooi, vandalisme, onwettige parkering, roekelose bestuur, van diefstal tot rooftogte. Dit is tyd om wettoepassing te begin op alle vlakke en inwoners vra my dan ook op elke funksie en oral tydens geprekke om asseblief toe te tree. U moet dus tog u kant bring en wetsgehoorsaam wees want u sal 'n opskerp van wets-toepaasing sien. Dis 'n bekende feit dat 'n ordelike samelewing begin by die klein goed. Veral in die middedorp van Stellenbosch en Franschhoek is mense onhebbelik en parkeer enige plek vir dae aaneen. Gehoorsaam tog asseblief die voorskrifte. Ek wil u tog asseblief nie beboet nie!

Van ons kant het ons reeds verskeie probleemeiendomme skoongemaak, on-wettige besetters uitgesit en selfs geboue gesloop. So is die pragtige ou Landbousaal in die Laan ook leeggemaak van onwettige

Dear Residents

The year has sped by and the shops are full of Christmas decorations. I must confess, I am like a child when it comes to Christmas. It continues to be an amazing experience for me, with a deep spiritual meaning but also an opportunity to celebrate. I still fondly remember my childhood Christmases with biscuits, gifts, deserts and new clothes. This time of the year is also the time when I reflect and think about those who have very little or no food and clothing, never mind gifts. If anyone would like to give a gift to someone less fortunate but don't know to whom, please contact me. I will personally take responsibility and make sure it reaches the right person.

The end of the year also means that our students and learners are writing exams. Good luck to all and especially to our parents during this stressful time. Education is important for the success of our country. For those returning to their homes after the exams, we wish you a safe journey.

The entire greater Stellenbosch is showing signs of lawlessness; transgressions range from littering, vandalism, illegal parking, reckless driving, theft and robbery. It is time to ensure that law enforcement is happening at every level. Residents often request my direct involvement at functions and during conversations. Residents must do their bit and obey the law because you will see a step up in law enforcement. It is a well-known fact that the small things contribute to a well-ordered society. In the town centres of Stellenbosch and Franschhoek, people are proving to be impossible and they just park anywhere they feel like for days on end. Please obey the regulations; I don't want to fine you!

From our side, we have cleared various problematic properties of illegal occupants as well as demolishing some of the buildings. The old Agricultural Hall in the Laan has also been cleared of illegal occupants. Many people have asked me

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8314
mayor@stellenbosch.gov.za

IN HIERDIE UITGAWE
IN THIS ISSUE

LIGGIESFEES FESTIVAL OF LIGHTS *bl/pg 2*

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

bewoners. Baie mense vra wat gaan nou daarmee gebeur. Daar is tans 'n regsdispuut oor iemand wat 'n eis daarop het. Ek sal u op hoogte hou met die toekomsplanne daarvoor.

Water is skaars, uiters skaars. U moet asb mooi werk met water en kennis neem van die beperkings. Kaapstad het reeds vlak 3 beperkings afgekondig en tariewe aangepas. Ons oorweeg ook nou ekstra maatreëls en dit sal voor die Raad dien aan die einde van die maand. Kan alle swembadeienaars asseblief 'n verdampingskombers aanskaf en onthou om slegs tuine vir kort tye en vroeg in die oggend of in die aand nat te maak. Dis belangrik dat ons 'n verdere 15% op verbruik besnoei anders sal ons later glad nie mag tuine natmaak nie. U mag ook asb nie motors was met tuinslange nie. Op munisipale vlak sal ons ook ernstig kyk na besparings.

Ek het verskeie klagtes gekry oor selfoontorings, maar dis 'n komplekse situasie want sommige inwoners dring daarop aan en ander wil dit nie hê nie. Ek het reeds opdrag gegee dat ons dringend 'n beleid in plek moet kry oor seltorings en dit behoort voor die Raad te dien einde November. Daarna sal die publiek kans kry om insette te gee. Daar is ook 'n moratorium op nuwe goedkeurings op ons eie grond totdat die beleid in plek is, maar nasionale en provinsiale wetgewing laat toe dat sekere openbare plekke soos skole die reg het om torings op hul grond te installeer. Ons moet slegs die bouplanne goedkeur.

Franschhoek se inwoners sal baie bly wees om te hoor u kan nou u motorlisensies daar hernu en betaal. Soos belowe, sal ons ook Franschhoek insluit by ons regeringsbesluite.

Motorlisensies nou ook hernubaar in Franschhoek

Ek wil graag ons inwoners se prestasies met almal deel en almal trots maak op Stellenbosch. Stuur tog asb vir my inligting hieroor. Met dit in gedagte is dit vir my 'n groot voorreg om geluk te sê aan La Motte Landgoed wat weggestap het as die algehele wenner van die Beste Boerdery Praktyke vir 2016 in die Nedbank Groen Wyn toekennings.

Ons het pas weer begin met die publieke deelname proses vir die Geïntegreerde besigheidsplan, met ander woorde, ons besigheidsplan waarop die begroting gebaseer word. Dit is dus belangrik dat u die vergaderings bywoon en u insette gee. Kyk asseblief na die datums en woon u vergaderings by.

Soos u kan sien is ons besig op alle fronte. Dis net jammer dat ek so min tyd kry om die vroegsomer in ons pragtige dorpe te ervaar. Geniet u maar die lekker weer en mooiste mooi natuur namens my en skryf asseblief vir my as u iets raakloop waarvan ek moet weet.

what will happen to the building now. There is a legal dispute with somebody who now lays claim to it. I will keep you informed on this matter and any future plans.

Water is scarce, very very scarce. Residents must please take care with water and take note of the restrictions in place. Cape Town has moved to level 3 restrictions and has adjusted their tariffs accordingly. We are also considering implementing additional measures and it will serve before council at the end of the month. All swimming pool owners, please get an evaporation cover for your pool and remember that you are only allowed to water your gardens in the early mornings or in the evenings. It is important that we cut another 15% of our water usage; otherwise we will not be able to water our gardens at all at a later stage. You cannot wash your cars with garden hoses. At a municipal level we are also implementing serious savings.

I have received various complaints about cellular towers. This is however a complex situation because some residents insist on it and others do not want it at all. I have already given the order for the drafting of a policy regarding this matter and it should serve in front of Council by the end of November. After that, the public will get the opportunity to give input. A moratorium has been placed on approvals for cellular towers on municipal properties until the policy is in place, but national and provincial government still allow the installation of towers on certain public spaces such as schools. We only have to approve the building plans.

Franschhoek residents will be glad to learn that you will now be able to renew and pay for motor vehicle licences in Franschhoek. As promised, we will include Franschhoek in all of this government's decisions.

Renewal of motor vehicle licences now also in Franschhoek

I want to share the accomplishments of our residents with everybody and make them proud of Stellenbosch. Please send me any information in this regard. With this in mind, I am happy to congratulate La Motte Estate who walked away as the overall winner of the Best Farming Practice of 2016 in the Nedbank Green Wine Awards.

We have just started the public participation processes for the integrated development plan, in other words our business plan on which we base the budget. It is very important that you attend the meetings and give your inputs. Please have a look at the advertised dates and attend your meetings.

As you can see we are busy on all fronts. It is a pity that I have so little time to enjoy the early summer in our beautiful towns. Please enjoy the lovely weather and beautiful nature on my behalf and write to me when you encounter something that you feel I need to know about.

TROTS OP STELLENBOSCH INWONERS

***Pieter Engelbrecht** (foto links) **is aangestel as Shoprite se nuwe Hoof Uitvoerende Beampte. Hy neem die leisels oor by mede-Stellenboscher Dr. Whitey Basson** (regs).*

Fotos: www.shopriteholdings.co.za